

13 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-22 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 3:7, 21

**Die HERE is die God wat sien en hoor en ken en jou
hande vol maak**

Lyk dit soms vir jou of jy alleen met jou nood en ellende worstel? Kry jy die indruk dat die Here jou nie raaksien nie? Dink jy in jou worsteling dat Hy niks van jou stryd weet nie? Voel dit vir jou of jy in 'n doodloopstraat beland het?

Die volk van die Here het in Egipte skynbaar in 'n doodloopstraat gesit. Hulle was sonder lewensruimte. Hulle het na God geroep. Toe die tyd aanbreek, wat Hy bepaal het, toe het Hy opgetree. Hy gebruik die brandende doringbos om Homself aan Moses bekend te maak as die God wat nie op 'n afstand bly staan nie. Hy is die God wat sien en hoor (vs 7). Hy dra eerstehandse en deeglike kennis van sy volk se nood en ellende. En wat meer is, Hy staan nooit as Toeskouer op die kantlyn en kyk hoe sy kinders worstel om kop bo water te hou nie. Op sy tyd en op sy wonderlike manier gee Hy self die verlossing.

Al was Israel die Egiptenaars se slawe, tog is hulle God se volk. Hulle behoort aan Hom. Daarom gaan Hy self vir hulle lewensruimte maak deur hulle uit Egipte te verlos. Hy sal hulle nie met leë hande die lang pad na die Beloofde Land laat aandurf nie! Hy sorg self dat die Egiptenaars sy volk goedgesind is (vs 22).

Só werk God in die verlossing. Hy maak uit genade jou hande leeg. Jesus Christus neem jou diepste ellende op Hom. En die Heilige Gees maak jou vol met die sekerheid dat God jou nooit alleen laat nie. Hy ken al jou nood en Hy hoor en sien en red op sy tyd en op sy manier.

Sing: Psalm 138:3, 4 (1936-beryming)

Ds AP Krüger (Welkom)